
# VERDIEP

**'N DAAGLIKSE LYDENSTYDREIS VIR 2026**



# VERDIEP

## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| 1. VERDUIDELIKING VAN LYDENSTYD | BL.3 |
| 2. HOE OM DIE MATERIAAL TE GEBRUIK | BL.4 |
| 3. LYDENSTYDGEBED | BL.4 |
| 4. WEEK 1: 18-22 FEBRUARIE | BL.5 |
| 5. WEEK 2: 23 FEBRUARIE- 1 MAART | BL.11 |
| 6. WEEK 3: 2-8 MAART | BL.19 |
| 7. WEEK 4: 9-15 MAART | BL.27 |
| 8. WEEK 5: 16-22 MAART | BL.35 |
| 9. WEEK 6: 23-29 MAART | BL.43 |
| 10. WEEK 7: 30 MAART-5 APRIL | BL.51 |
| 11. RIGLYN VIR WEEKLIKSE GROEPSGESPREK | BL.59 |

# VERDUIDELIKING

## WAT IS LYDENSTYD?

LYDENSTYD (LENT) Lydenstyd is ons voorbereidingstyd vir Paasfees; 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die afsterwe van Jesus vier; dit wat vir ons verlossing bewerkstellig het.

Waar kom Lydenstyd vandaan? Die Westerse kerk het in die tweede helfte van die vierde eeu, in navolging van die Christelike kerk in die ooste, begin om as voorbereiding vir Paasfees 'n *vastydperk* van 40 dae in te stel. Die getal 40 is op die voetspore van Jesus, Moses en Elia. Die vas het meestal beteken dat slegs een maaltyd per dag sonder vleis geëet is.

Tradisioneel begin die vastydperk op Aswoensdag. Op Aswoensdag word daar dikwels as gestrooi op die kop om ons eie verganklikheid en terugkeer na God voor te stel. In die antieke tyd is hartseer en berou dikwels visueel uitgedruk, daarom lees ons in die Skrif van mense wat sakklere/growwe materiaal dra en stof /as op hul koppe strooi. Later het die as 'n seremoniële funksie verkry waarin die as (gewoonlik van die vorige jaar se verbrande palmtakke) op die voorkoppe van die lidmate in die vorm van 'n kruis gesmeer word.

Omdat Christene nie op Sondae (die opstandingsdag) gevas het nie, begin Lydenstyd op 'n Woensdag, 46 dae voor Paasfees (vir 40 dae en 6 Sondae).

Wat gebeur in Lydenstyd? Lydenstyd is 'n tyd van *plekmaak*. Plekmaak om God, onsself en ander mense te kan hoor. Plekmaak sodat hierdie verhoudings kan groei en vrug dra. *Vas, skuldbelydenis en aalmoese (ekstra vrygewigheid) is in hierdie tyd prominente dissiplines* wat ons kan help om plek te maak vir God se nuwe lewe en liefde in ons.

Die praktyk om te VAS tydens Lydenstyd: Lydenstyd is ook 'n tyd vir *hertoewyding*. Die dissipline van die vas van voedsel, of van 'n gewoonte, maak plek vir hertoewyding. Hierdie gebruik kan met 'n bietjie verbeelding in ons huise met vrug gebruik word. As teken van ons bereidheid om plek te maak, kan daar bv. besluit word om in hierdie tyd te vas van 'n gewoonte, van sosiale media, die kyk van TV, koffie, vleis, koffie ens. Ons sê in hierdie tyd nee vir iets, en maak daardeur plek om vir God ja te kan sê. Ons vas vir 40 dae (Sondae is nie ingesluit nie).

## HOE OM HIERDIE MATERIAAL TE GEBRUIK

Ons wil jou uitnooi om daagliks saam met ons deur die materiaal te reis, deur 10-30minute daaraan toe te wy.
Elke dag het 'n paar elemente, en ons moedig jou aan om dit soos volg aan te pak.

1. Raak rustig, sit jou foon op 'silent', en raak bewus dat ons liefdevolle God reeds teenwoordig is.
2. Bid jou Lydenstydgebed, en vra ook vir God om jou te help hoor en raaksien vandag.
3. Lees die dag se woord en die definisie, en dink wat die betekenis daarvan is in jou eie lewe.
4. Lees die teks (die hele gedeelte) twee keer stadig deur. Raak bewus oor wat vir jou uitstaan en in jou roer, en maak 'n nota in jou joernaal.
5. Lees die Ekstra Beskrywing en Aanhaling/Ekstra Skrif van die dag, en indien iets vir jou uitstaan, maak weer 'n nota
6. Lees die Vraag van die dag – en gesels met God daaroor
7. Gebedsvoorstel – Gebruik die voorstel vir gebedstyd saam met God, om die tyd af te sluit, of bid op die manier wat vir jou reg voel.
8. Vat die Vraag van die dag saam met jou, en as jy wil, vra dit vir iemand naby aan jou vandag (of bespreek dit selfs as gesin/vriende)
9. Nooi ander uit om saam met jou te reis: 'n groep vriende, jou gesin, of jou kleingroep. Ons stel voor dat jul dan weekliks bymekaarkom, om van jul ervarings te deel (daar is 'n Gespreksriglyn op bl.59).

# VERDIEP

## JOU LYDENSTYDGEBED

Ons hart rondom hierdie tema van "VERDIEP", is dat ons saam dieper en nader sal groei in ons verhouding met God. Saam met God is daar altyd *meer*: meer om te ontdek, meer liefde om te ontvang en uit te leef, meer groei en avontuur, en meer van God om te leer ken. Ons hoop is dat gedurende hierdie Lydenstyd, ons verwonderd sal wees oor God se geskenk aan ons deur die Kruis. Ons hoop is ook dat ons harte en hande opnuut aan die brand gesteek sal word om saam sout en lig te wees.

Wat is jou Lydenstydgebed? Wat is jou eie verlange vir hierdie reis tot PaasSondag? Wat is dit wat jy nodig het? Wat is jou diep behoefte? Wat is dit wat jy vir God wil vra?

Skryf 'n eenvoudige (een sin) gebed neer in jou joernaal. 'n Vra-gebed, jou eie Lydenstydgebed, bv. Vader, ek vra dat U my hart weer oop en sag sal maak. Of, Here, ek wil U weer opnuut leer ken, wys Uself asseblief opnuut vir my. 'n Gebed van jou hart.

Bid dan jou Lydenstydgebed elke dag tydens die Lydenstydsreis.

**18-22 FEBRUARIE 2026**

# WEEK 1

## WEEK 1 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN:
ONS EIE VERGANKLIKHEID, DIE BETEKENINS VAN DIE KRUISVERHAAL,
EN DIE WONDER VAN VERLOSSING DEUR GENADE,
WAT WAARLIK VERNIET IS.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 1 VAN LYDENSTYD:

1. Begin met jou VAS vir hierdie Lydenstydseisoen (met die uitsondering van Sondae). Wat wil jy verminder, sodat daar meer plek is om God te hoor? Lees gerus bladsy 3 vir 'n paar idees.

2. Sit tyd uiteen om daagliks saam met ons te reis met hierdie Individuele Materiaal. 10-30min van onverdeelde aandag tussen jou en God. (bl.4)

# VERGANKLIK

**ASWOENSDAG, 18 FEBRUARIE**

*Nie blywend nie; onderhewig aan verval*

## PSALM 51

[12] *"Skep vir my 'n rein hart, o God,*
*vernuwe my gees en maak my standvastig."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat is die kondisie van jou hart?*

Hoe gereeld dink jy aan jou verganklikheid? Dit is asof die dood ons steeds onkant vang, al is dit 'n sekerheid. Ons weet ons fisiese lywe het 'n sperdatum, tog vermei ons dikwels om aan ons eie aardse ''einde'' te dink.

Lydenstyd begin deur te dink aan ons verganklikheid, want dit plaas ons lewe in perspektief. Wanneer ons weet ons dae is nie oneindig nie, wil ons elke dag laat tel. Dit help ons om te onthou wat waarlik die belangrikste is. Wat is vir jou belangrik? Wat stel jy uit vir ''eendag''? Hoe lewendig voel jy? Wat is die dinge wat lewe steel?

Wanneer ons onthou dat ons stof is, en tot stof sal terugkeer (Gen.3:17), help dit ons om ons weerbaarheid te erken. Brene Brown noem dat "*Vulnerability is not weakness. It's the ability to show up and be seen*". God sien jou raak, alles van jou, al kruip ons soms weg soos Adam en Eva – skaam oor ons "naaktheid". Daar is iets besonders wat gebeur wanneer ons ten volle opdaag om ''gesien'' te word, en in daardie broosheid God se liefde en aarvaarding te ervaar.

Kom ons daag hierdie Lydenstyd op met ons hele hart, ons hele wese, en vra dat God ons harte weer sal sag maak, sal heel maak, sal braaf maak.

GEBEDSVOORSTEL: *Identifiseer 'n paar verse uit Psalm 51 wat met jou hart praat, en bid dan daardie verse hardop, of Skryf jou eie Psalmgebed.*

*Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.* Genesis 3:17

**DONDERDAG, 19 FEBRUARIE**

# VERHAAL

*'n Storie of vertelling; verslag van 'n ware of fiktiewe gebeurtenis*

## 1 KORINTIËRS 1:18-31

*[18]Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.*

Ek en jy het 'n ongelooflike geskenk beskikbaar tot ons; ons het daaglikse toegang tot die Bybel. Die Bybel is vol verhale van mense se belewenisse van God – en stories wat God se hart oordra. Nie net kan ons by mekaar leer van hoe God in ons elkeen lewens werk nie, ons het selfs toegang tot mense se belewenisse duisende jare terug! Daarom wil ons jou aanmoedig om hierdie Lydenstyd met vars ore en oë die Skrif te lees, met openheid en wonder oor wat God moontlik wil openbaar.

Jesus is natuurlik ook lief daarvoor om verhale (gelykenisse) te gebruik om ons te leer. Jou eie storie is ook van groot belang – dit is een wat nog nooit voorheen bestaan het nie, en ook nie weer sal nie – al voel dit vir jou "doodgewoon".

Dan wil ons in hierdie tyd opnuut dieper gaan met die Lydenstydverhaal – die ongelooflike Kruisverhaal, wat onherroepbaar ons lewens verander. Ons opregte begeerte is vir 'n diep belewenis met die Waarheid en krag van die Kruis. Wat beteken die kruis vir jou? Watter gedeelte van die kruisverhaal is vir jou besonder na aan die hart?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat beteken die kruis vir jou?*

GEBEDSVOORSTEL: *Praat met God oor wat die kruis vir jou beteken, en luister ook na wat God dan op jou hart sit rondom die betekenis van die kruis. Vra opnuut vir 'n hart wat oop en nederig is vir God se openbarings.*

*"Reading the Bible without knowing in advance what God is going to say takes humility"*
*Tom Wright, Lent for Everyone*

LYDENSTYDGEWOONTE WEEK 1: BEGIN VAN 40DAG VAS EN DAAGLIKSE GEBED (SIEN BLADSY 3)

# VERLOSSING

**VRYDAG, 20 FEBRUARIE**

*Om vry te maak.*

## KOLOSSENSE 1:9-14

*"Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waarvan is God besig om jou vry te maak?*

Wat beteken dit om waarlik vry te wees? Watter prentjie het jy van iemand wat vry is? Vryheid het dikwels 'n assosiasie met rebelsheid, maar kan jy vir 'n oomblik 'n lewe indink waar jy vry is van mense se opinies, vry van die druk om perfek te wees, vry van bekommernis, vry van drukkende eensaamheid… vry van kruppelende vrees.

Ons dien 'n Verlossende God. Die Skrif is vol van God se aanhoudende inisiatiewe om mense waarlik vry te maak: vry van verdrukking, slawerny en sondes wat ons verstik en verstrik. Soms is dit makliker om ons eie beperkinge en verkonings te gebruik, want ware vrye wil, gee ook vir ons die verantwoordelikheid van ons eie keuses. Om Verlossing te beleef en te aanvaar, is ook om dan die verantwoordelikheid van jou Vryheid te aanvaar. God het ons nie gemaak om robotte te wees nie – God gee vir ons vrye wil, en dan kan kan ons besluit wat om daarmee te maak. Om God as Verlosser te ken, is om ook te weet dat Sy reddingswerk steeds daagliks nodig is. Daar is soveel dinge wat ons wil/kan vasvang, wat ons weer slawe wil maak, dinge wat ons terughou/vashou – maar ook ons ken die een wat Verlos.

GEBEDSVOORSTEL: *Vra vir die Heilige Gees om jou te wys waar God jou graag wil vry maak. Wat is die dinge wat jou vashou, terughou, kleiner maak; die dinge wat jy wil wegsteek? Gesels met God daaroor.*

*"en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid." 2 Korintiërs 3:17*

**SATERDAG, 21 FEBRUARIE**

# VERNIET

*Wat gratis is en niks kos nie; sonder vergoeding; kosteloos.*

## EFESIËRS 2:1-10

*[4,5]Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!"*

Stel jouself voor jy maak vandag jou bank 'app'' oop, en daar is geen enkele uitstaande bedrag op jou kredietkaart of banklening nie! Kan jy dink hoe dit jou lewe sal verander! Kan jy jouself die vreugde en verligtig voorstel!? Dit is presies wat genade is.

Sekerlik een van die grootste kenmerke van Christenskap, is dat ons 'n Genadige God dien. 'n God wat reeds die prys betaal het. Daar is niks wat jy in ruil daarvoor hoef te doen nie, dit is beskikbaar. Al wat nodig is, is om dit te ontvang. Daar is werklik *niks* wat jy hoef te doen om God se genade te verdien nie. Dit is reeds daar, dit was nog altyd, en sal altyd wees.

Genade beteken 'n onverdiende guns, die vergifnis van sonde, of kwytskelding van 'n verdiende straf, 'n plan of oplossing vir 'n probleem. Watter tipe genade het jy nodig? Genade is nie eenmalig nie, maar 'n daaglikse geskenk. Dit is nie iets wat jy hoef te koop, of 'n ruiltransaksie voor te doen nie – dit is eenvoudig iets om te aanvaar. En om genade te aanvaar, verander alles – die res van ons lewe vloei dan uit dankbaarheid.

Genade is totaal verniet, maar dit is nie goedkoop nie. Soos wat ons God nader volg, en 'n intiemer verhouding bou, begin ons al hoe meer die kosbare prys van hierdie genade raaksien. Die prys wat reeds betaal is. Soos die teks verder lees in vers 8,9: "*Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat wil jy doen met die genade wat jy ontvang het?*

GEBEDSVOORSTEL: Bid die volgende herhalingsgebed uit 2Kor12:9: ''*U genade is vir my genoeg*". Bid die frase 'n paar keer hardop, en laat dit in jou hart insink. Praat met God oor wat jy beleef, en luister ook na wat God in jou roer.

*"God loves people because of who God is, not because of who we are."*
*— Philip Yancey, (What's So Amazing About Grace?)*

LYDENSTYDGEWOONTE WEEK 1: BEGIN VAN 40DAG VAS EN DAAGLIKSE GEBED (SIEN BLADSY 3)

# VERDIEP

*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

**SONDAG, 22 FEBRUARIE**

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer, en/of bespreek dit met 'n geliefde/goeie vriend.*

VRAE VIR REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

23-29 FEBRUARIE 2026

# WEEK 2

## WEEK 2 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN:

DIE VERANDERING WAT JESUS BRING - HOE HY ONS VERRAS EN GRAAG IN ‘N NABY VERHOUDING WIL LEEF. ONS STAAN OOK STIL BY DIE VERVULLING VAN DIE OU TESTAMENT EN HOE WETSGELEERDES JESUS SE DOOD BEPLAN HET.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 2 VAN LYDENSTYD:

*Nuwe Gewoontes vat tyd, daarom oefen ons verder aan Week 1 se gewoontes:*

1. Hou aan met jou VAS wat jy gekies het vir hierdie Lydenstydseisoen (met die uitsondering van Sondae). Wat wil jy verminder, sodat daar meer plek is om God te hoor? Lees gerus bladsy 3 vir ‘n paar idees.

2. Sit tyd uiteen om daagliks saam met ons te reis met hierdie Individuele Materiaal. 10-30min van onverdeelde aandag tussen jou en God. (bl.4)

# VERANDER

**MAANDAG, 23 FEBRUARIE**

*Iets anders maak; sodanig aan iets werk of behandel dat dit anders word*

## LUKAS 5:27-32

*27-30 27Daarna het Jesus uitgegaan en 'n tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis sien sit, en Hy sê vir hom: "Volg My." Hy het alles net so laat lê en opgestaan en Jesus gevolg. Levi het 'n groot feesmaal in sy huis gehou ter ere van Jesus, en 'n groot aantal tollenaars en ander mense het saam met hulle aangesit. Die Fariseërs, en veral die skrifgeleerdes onder hulle, het by sy dissipels gekla en gesê: "Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?"*

Matteus was 'n tollenaar: 'n Jood wat namens Rome belasting ingesamel het. Kan jy vir 'n oomblik dink hoe die res van die dissipels oor hom gevoel het? Die Skrifgeleerdes het duidelik min van hom gedink. Tog sien Jesus hom raak, en Matteus se hele lewe verander.

Jesus sien raak, en dan verander alles. Dit werk ook so in my en jou lewe wanneer ons lank genoeg stilstaan in God se liefdevolle "raaksien". God se liefde in ons lewens verander ons: dit maak ons eie harte ook sag vir liefde; dit maak ons standvastig in ons identiteit. Die ervaring van God se liefde verander ons uitkyk op die lewe en waarvoor ons lewe. Dit is 'n verandering wat aksie bring – 'n volgelingskap. Matteus begin anders lewe, hy gaan maak ook reg waar hy mense ingedoen het; kan jy jouself indink hoe mense oor sy veranderde gedrag moes gepraat het!

Om Jesus te volg, is nie 'n eenmalige lewensverandering nie, dit is 'n daaglikse vorming. Jesus se uitnodiging van "Volg my", lei tot 'n lewe wat anders lyk en reageer – 'n onderstebo Koninkryk – waar dit belangriker is om te dien, as om gedien te word, 'n Koninkryk wat elke mens raaksien.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Met watter verandering, of vorming, is God tans mee besig in jou lewe?***

GEBEDSVOORSTEL: *Bid die volgende frase 'n paar keer hardop: 'Vorm my soos U wil". Praat dan met God oor die beeld in Jer.18:6 van God as Pottebakker en ons as klei. Hoe vormbaar is die klei? Waarmee is die Pottebakker besig?*

*"soos klei in die Pottebakker se hand…" Jeremia 18:6*

**DINSDAG, 24 FEBRUARIE**

# VERVUL

*Om te vul; vol te maak of vol te staan. • Om waar te maak; tot uitvoering te bring.*

## MATTEUS 12:17-21

*"So is vervul wat die Here deur die profeet Jesaja gesê het: "Hier is my Dienaar wat Ek aangestel het, my Geliefde oor wie Ek My verheug; Ek sal my Gees op Hom laat kom, en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak. Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. 'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier. En op Hom sal die nasies hulle hoop vestig."*

Die Bybel kan soms oorweldigend wees om te lees – veral die Ou Testament. As volgeling van Christus, is die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes), van kern belang, en dan is dit belangrik dat ons die Bybel in konteks leer ken en lees, sodat ons waarlik God se hart kan raaklees. Elke boek is in 'n sekere tyd, vir 'n spesifieke doel geskryf. En dan is dit natuurlik die wonder van die Heilige Gees dat Die Skrif van Ewige Waarde is. Woorde wat duisende jare terug geskryf is, is vandag steeds net so lewendig! Wanneer ons die Bybel beter leer ken, raak die betekennis van Jesus se lewe, dood en opstanding selfs meer spesiaal, omdat ons al die dieper betekenis en vervulling van beloftes begin raaksien. Die konteks waarin Jesus gebore is, is dat die Jode vir honderde jare al vir 'n Messias wag: 'n Redder. Jesus vervul dan meer as 300 van die Messias profesieë in die Ou Testament tydens Sy lewe (maak gerus 'n studie hiervan of lees/kyk 'The Case for Christ' deur Lee Strobel).

Om iets te vervul, beteken om dit vol te maak, of waar te maak. Jesus het ons hoop op 'n Redder waar gemaak. Volbring. Vervul. Maar ek en jy weet dat ons aanhoudend steeds hierdie vervulling – 'n Redder - nodig het in ons daaglikse omstandighede. Ons probeer met soveel ander dinge ons lewe volmaak, maar dit los ons onvervuld. Mag ons God se bekragtiging aanvaar om die volheid van wie God ons geskep het om te wees, te vervul.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Hoe lyk 'n vervulde lewe?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor jou eie prentjie van 'n Vervulde lewe.*

*'n Paar Voorbeelde van die vervulling van Skrifte: Jesaja 11:1; Matteus 2:23 - Sagaria 11:12–13; Lukus 22:47–48*
*Jesaja 53:7; Markus 15:4–5 - Jesaja 53:12; Matteus 27:38 - Jesaja 53, Romeine 5:6–8*

# VERTEL

**WOENSDAG, 25 FEBRUARIE**

*Die oordra van 'n ware of fiktiewe storie; in verhaaltrant meedeel.*

## MARKUS 8:31-33
## MARKUS 9:30-31

*8:31,32: "Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: "Die Seun van die mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak; en drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan." Hulle het dit nie verstaan nie, maar hulle was te bang om Hom daaroor uit te vra."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Wat is dit wat God alreeds met jou gedeel het, waaraan jy wil aandag gee?***

Jesus vertel Sy dissipels wat met Hom gaan gebeur, maar tog word hul steeds onkant gevang. Ons lees in die Evangelies dat Jesus selfs meer as een keer hul voorberei en presies vertel wat gaan gebeur. Dit is so maklik om ons koppe vir die dissipels te skud, maar ons vat self ook God se leiding en woorde nie altyd ernstig op nie. Dalk voel jy al vir 'n rukkie jy moet iemand kontak, of 'n sekere gewoonte moet agterlaat, of dalk om 'n dokter te gaan sien, maar jy kom net nie tot aksie nie.

Jesus stap saam met ons, en vertel ons wat ons nodig het om te hoor vir die volgende tree. Net soos die dissipels, word ons deur ons Leermeester, Herder en Leidsman voorberei. Ons uitdaging is om te leer luister, om Sy stem te kan onderskei, en dan in aksie te wys dat ons Hom glo. Wat het God al 'n paar keer die afgelope ruk op jou pad gestuur, of op jou hart gedruk? En wat verhoed jou om hierdie woorde waarlik ter harte te neem? Dit is wat gehoorsaamheid beteken: God nooi ons uit, God gee leiding, en ons reageer. Soms is ons harte en ore nie lus om regtig te hoor wat God wil deel nie, want dit is makliker om net ons eie koppe te volg. Soms is dit makliker, maar dit is beslis nie beter nie. God se leiding bring altyd lewe. En as jy vandag dalk wonder oor wat God besig is om met jou te deel, begin by wat reeds duidelik is: Wees lief vir God, ander en jouself.

GEBEDSVOORSTEL: *Blaai vandag terug in jou joernaal/Bybel, en lees saam met God van die boodskappe wat Hy reeds met jou gedeel het.*

*"The willingness to obey every word from God is critical to hearing God speak." — Henry T. Blackaby*

**DONDERDAG, 26 FEBRUARIE**

# VERRAS

*Iemand onverwags bly maak of konfronteer.*

## MARKUS 11:1-10

*[1]"Toe hulle naby Jerusalem kom, by Betfage en Betanië op die Olyfberg, stuur Jesus twee van sy dissipels en sê vir hulle: "Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie vasgemaak kry. Geen mens het nog op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier. En as iemand vir julle sê: 'Wat maak julle daar?' moet julle sê: Die Here het hom nodig, en Hy sal hom gou weer hierheen terugstuur."*

Jesus het sy volgelinge op hul tone gehou. Elke keer as hulle Hom in 'n boksie van hul prentjie van 'n Messias wou sit, verras Hy hulle. In plaas van 'n oorlogsperd, kies Jesus 'n geleende donkie. Dit was gebruiklik vir 'n Keiser om in Jerusulem in te ry op die grootste, sterkste perd om sy oorwinning in die oorlog, en krag en majesteit te simboliseer. Jesus, die Koning van konings kies 'n donkie – 'n simbool van nederigheid.

Dit is so 'n radikale voorbeeld wat Jesus stel! Later die week sou Hy ook voete was, en verder hierdie karakter van diensbaarheid wys. Jesus is 'n Koning wat nie probeer om Sy krag af te forseer nie, 'n Koning wat nie nodig het om Sy eie Naam groot te maak nie, 'n Koning wat omgee vir Sy mense, 'n Koning wat dien. Wanneer laas het jy 'n leier ontmoet wat 'n donkie bo 'n perd sal kies? Maar meer belangrik, waar is daar vir jou 'n uitnodiging in jou eie lewe, om Jesus se postuur van diens aan te neem? Hoeveel meer mense sal moontlik Jesus ontdek as Sy volgelinge waarlik Sy voorbeeld volg? God bly ons verras deur die manier wat Hy dinge doen: vrede ipv verdeeltheid/oorlog, diens ipv hoogmoed.

Wat beteken dit om die Koning op die donkie te dien?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar is daar vandag 'n geleentheid vir nederige diens?*

GEBEDSVOORSTEL: *Praat met God oor die areas van jou lewe waar dit moeilik is om nederig, of diensbaar, te wees.*

*"Jubel, Sion! Juig, Jerusalem!Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie"*
*Sagaria 9:9*

# VERMOOR

**VRYDAG, 27 FEBRUARIE**

*Om met opset en geweld dood te maak; iemand van sy lewe beroof.*

## MATTEUS 26:1-5

*[3,4]In daardie tyd het die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk bymekaargekom in die woning van Kajafas, die hoëpriester. Hulle het daar saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar is daar moontlik hoogmoed of bitterheid in jou hart?*

Jesus is vermoor. Die Godsdienstige leiers van die tyd, die Skifgeleerdes en Priesterhoofde was ongelukkig met Hom - Hy het hul te veel ongemaklik gemaak - en daarom is Sy dood beplan. Die mense wat God die beste moes ken – het God nie herken nie.

Die woord 'vermoor' gee ons koue rillings omdat ons in so 'n geweldadige land bly, waar elkeen van ons 'n naby-storie kan vertel van moord; of dit nou in jou dorp of vriendekring is. Dit vang ons ook onkant wanneer ons dan hoor dat 'n huurmoord plaasgevind het, of dat baie oortreders aan hul slagoffers bekend was. Ons is verstom dat mense tot daardie aksies kon oorgaan. Dit is ook so in Jesus se verhaal. Die kruis is as moordwapen gebruik vir ons onskuldige Redder – deur mense wat hulself bekend gemaak het dat hul names God praat.

Dit is werklik tragies, en van groot belang dat ons daaruit leer: Die godsdienstige leiers het bedreig begin gevoel, want hul mag was vir hul belangriker as Waarheid. Hul eie posisie en aansien, was van groter belang as God se aktiewe werking voor hul eie oë. Die wette het hul hoogmoedig en doof gemaak, in plaas van meer liefdevol. Laat ons dringend uit hul foute leer: hul hoogmoed het tot bitterheid gelei, wat tot moord gelei het. Laat ons die klein jakkelsies aanspreek, voordat hul die wingerde afbrand.

GEBEDSVOORSTEL: *Vra vir God om jou te wys waar daar moontlik hoogmoed of bitterheid in jou hart is. Waar sien jy neer op ander? Wie maak 'n bitterheid in jou los? Vra vir God om jou los te maak daarvan.*

*"A proud man is always looking down on things and people; and, of course, as long as you are looking down, you cannot see something that is above you." — C.S. Lewis*

**SATERDAG, 28 FEBRUARIE**

# VERHOUDING

*Manier waarop persone teenoor mekaar optree; onderlinge verband tussen mense*

## FILIPPENSE 1:9-11

*[9-11]Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer."*

Daar is soveel simboliek rondom die Kruis. 'n Simbool wat eens 'n Doodsvonnis simboliseer het, simboliseer nou Redding, Genade, Verlossing. Lydenstyd laat ons opnuut stilstaan rondom wat die kruis vir ons beteken. Reg deur die Nuwe Testament sien ons ook hoe Paulus, en die ander skrywers nuwe diepte bring aan Jesus se opoffering.

Een van die belangrikste boodkappe van die Kruis is dat ons, deur Jesus, in die regte verhouding met God kan wees. Daar is niks wat tussen ons staan nie. Daar is geen vyandskap nie. Dit was nog altyd God se hart; om saam met ons in die tuin te wandel. Naby. Vriend tot Vriend.

Toe Jesus sy laaste asem uitblaas, het die voorhangselgordyn in die Tempel (wat die Heilige en Allerheiligste dele geskei het) geskeur. Wat 'n ongelooflike spesiale simbool: daar is geen skeiding nie. Niks staan in die pad van 'n naby-verhouding tussen ons en God nie. Al wat dit nou bepaal, is ons eie gewilligheid om nader te kom.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat is God se belewenis van julle verhouding?*

GEBEDSVOORSTEL *Vra vir God om Sy hart te deel rondom jul verhouding. Wat maak God bly? Wat is God se hoop? Deel ook jou eie hart.*

*The determining factor in our relationship with God is not our past, but Christ's past. Timothy Keller*

# VERDIEP

*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

**SONDAG, 1 MAART**

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10 minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer.*

VRAE VIR REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

2-8 MAART 2026

# WEEK 3

## WEEK 3 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN

DIE VERHOUDINGS RONDOM JESUS: DIE WAT HOM VERRAAI, DIE WAT HOM MISVERSTAAN, WAT MET MEKAAR VERGELYK, EN OOK DIE WAT HOM VERSORG.

ONS ONTHOU OOK JESUS SE HART VAN VRYE TOEGANG TOT HOM, VIR ALMAL.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 3 VAN LYDENSTYD:

1. Ons hou aan met Week 1 en 2 se gewoontes van vas (met die uitsondering van Sondae), en daaglikste gebedstyd. (bladsy 3)

2. Die gewoonte vir Week 3 is om elke dag aktief vir ‘n geleentheid te soek om te ”dien”. Dit kan wees om iemand se koffiekoppie te was, jou plek in die ry op te gee, letterlik iemand se voete te was, om waarlik te luister, jou tyd te gee, ‘n ”random act of kindness”, papiere op te tel, ens.

**MAANDAG, 2 MAART**

# VERHINDER

*Om iets te voorkom; sorg dat dit nie gebeur nie.*

## LUKAS 18:15-17

*"Die mense het ook kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Toe die dissipels dit sien, het hulle met die mense daaroor geraas. Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."*

Ons skud maklik ons koppe vir die dissipels in hierdie teks. Maar onthou dat in hierdie Bybelse konteks, het vroue en kinders nog nie dieselfde regte gehad as mans nie. Daarom is dit dikwels skokkend vir Jesus se aanhoorders as Hy vrouens en kinders toelaat en eer. Jesus wys vir ons hoe die Koninkyk behoort te wees; elke liewe persoon is kosbaar vir God. Dit is telkens Jesus se hart dat ons dit vir *niemand* moeilik moet maak om tot God te nader nie.

Dit is eintste die rede hoekom Jesus ook tafels omgooi by die Tempel. Dit het Hom kwaadgemaak dat mense soveel geldelike voorwaardes gestel het om die tempel te kan betree. Die tempel is in 'n besigheid omskep, wat dan gewone, en arm mense, uitgesluit het. Direk na Jesus se tafelomgooi, lees ons: (Mat.21): *'Blindes en kreupeles het na Jesus toe gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.'* Nog 'n groep mense wat uigesluit was.

Jesus maak elke keer die sirkel groter. Jesus hanteer elke liewe mens met waarde, want elkeen is geliefd en in God se beeld gemaak. Niks verhinder ons nie – daar is geen voorwaardes vir ons om tot Hom te nader nie. Daarom is dit net so belangrik dat ons nie ekstra voorwaardes vir ander skep nie om tot God te nader nie, of sekere mense hanteer as meer/minder belangrik nie: Jesus wil elkeen insluit.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar nooi Jesus jou om mense met waarde te hanteer?*

GEBEDSVOORSTEL: *Praat vandag met God oor die mense wat vir jou moeilik is om lief te hê*

*"God loves each of us as if there were only one of us" - Augustine*

# VERSTAAN

**DINSDAG, 3 MAART**

*Om sin te maak van iets; die bedoeling begryp. • Kennis dra; van iets weet of dit ken.*

## JOHANNES 13:1-11

*"Jesus wou Petrus se voete ook was, maar toe vra Petrus vir Hom: "Here, wil Ú mý voete was?"Jesus het vir Petrus gesê: "Jy verstaan nie nou wat Ek doen nie, maar jy sal later verstaan."*
*8Petrus het vir Jesus gesê: "U mag nooit my voete was nie." Jesus het vir hom gesê: "As Ek nie jou voete was nie, dan kan jy nie my dissipel wees nie." Simon Petrus sê toe vir Jesus: "Here, dan moet U my voete en my hande en my kop was."*

Die dissipels was dikwels in die posisie dat hulle nie presies verstaan het wat Jesus bedoel het nie, of waarmee Hy besig was nie. Dikwels moes Jesus 'n gelykenis vir hulle in meer detail verduidelik, of sou die dissipels net onderlangs met mekaar redeneer. Ons is steeds daardie dissipels wat soms verward is oor waarmee God besig is, moontlik omdat ons dit op ons eie probeer ''uitfiggure''.

Petrus het in daardie oomblik nie verstaan hoekom Jesus voetewas nie, al het Jesus al verduidelik dat Hy gekom het om te dien, en dat die wat Hom volg, ook dienaars moet wees. Ek wonder hoeveel Petrus nagedink het aan hierdie verhaal en wat dit vir hom beteken het. Soos wat ons God se goedheid en liefde meer beleef, is dit vir ons makliker om te vertrou dat God wel besig is met 'n goeie plan! Soms, soos tyd verbygaan, kry ons ook 'n beter perspektief oor God se werking, en kan ons God se hand makliker raaksien.

Maar in tye wat ons nie verstaan nie, hoef ons nie die vrae in ons harte weg te steek of onder mekaar te redeneer soos die dissipels nie; ons kan maar direk vir God vra. Dalk kry ons dieselfde antwoord as Petrus, dat dit nie vir ons nou moontlik is om te verstaan nie, maar mag ons dan reageer soos Petrus en toelaat dat God ons van kop tot tone was, en ons aanraak.

*VRAE VIR DIE DAG:*

*Wat is vir jou tans moeilik om te verstaan? Wat is die vrae wat jy in jou hart dra?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gebruik jou Godgegewe verbeelding, en plaas jouself binne die voetewasverhaal, in Petrus se skoene, en laat Jesus toe om jou voete te was. Praat met Jesus oor jou belewenis*

*"Faith does not eliminate questions. But faith knows where to take them." - Elisabeth Elliot*

**WOENSDAG, 4 MAART**

# VERBOND

*'n Verdrag tussen state, sakevennote of individue, ter wille van 'n gemeenskaplike voordeel.*

HEBREËRS 9:15-28

*9:15 Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang."*

MARKUS 14:23,24

*"Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. 24Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word."*

Abraham het 2000 jaar voor Christus geleef. Dit is 'n baie lang tyd om aan te dink en ons eie breine kan dit nie mooi verstaan nie. In die Ou Testament sien ons hoe God met tye 'n Verbond gesluit met mense: 'n belofte wat bly staan. God sluit 'n bekende Verbond met Abraham: Gen 17:7 "*Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag*. Die teken van hierdie Verbond was besnydenis. "Fast forward" 'n 1000 jaar later, nadat Israel steeds wegdraai van God, belowe God die volgende deur Jeremia (Jer31:31-33): "*Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat beteken nagmaal vir jou?*

Jesus kom dan om die Nuwe ewige Verbond met ons te maak: om die wet op ons harte te skryf, die prys te betaal vir vergewing van sondes, en die versekering weer te gee dat God steeds altyd by ons is. Jesus self het dan die Nagmaal ingestel as die teken van Nuwe Verbond. Omdat die woord "verbond" nie meer algemene taal is nie, mis ons dalk iets van hierdie belangrike boodskap. Jesus maak 'n nuwe ewige belofte, een wat selfs groter is as die vorige een. Jesus sluit 'n ewige geldige kontrak met elke persoon (nie net met Israel nie), sonder dat ons enige iets terug hoef te gee.

GEBEDSVOORSTEL: *Lees biddend deur van die Skriftekste, en vra vir God vir 'n spesiale openbaring rondom wat op God se hart is.*

*Lees ook: Jeremia 31, Genesis 17:7, Jesaja 42:6, 2 Kor.3, Markus 14:23 en Matteus 26:26*

# VERRAAI

**DONDERDAG, 5 MAART**

*Trou breek en iemand se vyande help. • 'n Geheim verklap..*

## LUKAS 22:47,48

*[47] Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen. Maar Jesus sê vir hom: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?"*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Hoe hanteer jy die "beursie"?*

Judas verraai sy Rabbi vir 30 silwer muntstukke. Judas het tyd saam met Jesus spandeer – hy het al Jesus se interaksies met mense dopgehou. Hy het elke preek gehoor, elke wonderwerk gesien, en tog draai hy sy hart weg – hoe kan dit gebeur?

Judas was die boekhouer van die span. (Joh12:12). Hy het die beursie bestuur, en moontlik ook soms daarvan gesteel. Nadat hy gesien het hoe 'n vrou Jesus met baie kosbare olie salf, en soveel "geld mors", nader hy die priesterhoofde en vra: *"Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?" Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal.* (Mat.26)

Maar is dit waarlik wat hom ontstel het? Judas was nie 'n natuurlike bose mens nie, hy het net nie Jesus se hart leer ken nie. Geld het vir hom singemaak, en Jesus se manier om met geld te werk, en te 'teach', het hom baie ontstel. Kan jy aan 'n paar voorbeelde dink oor waar Jesus oor geld gesels? Judas het Mammon bo God gekies, en dit het Jesus sy lewe gekos. Daarom kan ons nie ligtelik omgaan met ons eie beursies nie – dit is nodig dat ons God se wysheid ook in ons bankrekeninge toelaat, want dit is een van die plekke waar ons self ook Jesus moontlik kan verraai. Wat wys my beursie rondom wie ek dien? Dit is nodig dat ons Jesus se gedrag dophou. Judas verraai Jesus deur 'n intieme gebaar, 'n soen, en Jesus noem hom steeds "vriend". Jesus is nooit die een wat wegdraai nie.

GEBEDSVOORSTEL: *Praat vandag met God oor jou geld: Hoe spandeer jy dit? Glo jy dit is God se geld? Wat bekommer jou? Wat is genoeg?*

*Lees ook: Matteus 26:20-25 en Johannes 12:12*

**VRYDAG, 6 MAART**

# VERGELYK

*Teenoor mekaar stel; die ooreenkomste en verskille opweeg.e.*

## MARKUS 9:33-35

*"Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: "Waaroor het julle langs die pad geloop en praat?" Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is. Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: "As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees."*

Jesus het bekend geraak reg deur die hele streek. Oral waar Jesus gegaan het, het mense saamgedrom. Dit is duidelik dat hierdie populariteit ook die dissipels se ''egos'' 'n hupstoot gegee het – hulle was die mense wat ''gekies'' was om hierdie nuwe Rabbi se volgelinge te wees. Hul het dus meer as een keer begin bestry het oor wie onder hulle, die belangrikste is! Selfs tydens die Nagmaal! (Lukas 22). Jesus reageer elke keer dieselfde: *''As iemand eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.*" Jesus self wys ons hoe om te dien. Wanneer ons waarlik diensbaar is, begin ons ophou om onsself te vergelyk. Ware diens vergelyk ook nie ''hoeveel meer'' ek diensbaar is as ander nie. Ware diens is altyd om 'n ander te eer - dit is in diens van God.

Hoeveel vergelyk jy jouself, en met wie? Dit is so 'n subtiele deel van ons daaglikse gedagtes, maar dit is belangrik om daarvan bewus te raak. Wanneer ons onseker raak oor ons eie Geliefdheid en Roeping, begin ons vergelyk - dan begin ons rondkyk en ons waarde in vergelyking met ander vind. Niemand wat waarlik besig is met diens en gehoorsaamheid, het nodig om enige iemand anders af te breek of om oor iemand te skinder nie. Vergelyking lei tot hoogmoed of na minderwaardig voel – albei is ewe gevaarlik! Laat ons eerder fokus op ons eie diensbaarheid en ons waarde in God.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Hoeveel, en met wie, vergelyk jy jouself?***

GEBEDSVOORSTEL: *Praat vandag met God oor met wie jy jouself soms vergelyk, en oor jou eie Geliefdheid en Roeping.*

*"Comparison is the thief of joy." - Theodore Roosevelt*

# VERSORG

**SATERDAG, 7 MAART**

*Na iemand kyk en hom of haar oppas; toesien dat 'n lewende wese die nodige kry..*

## LUKAS 7:36-50

*[37,38]'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Op watter manier kan jy God se hart aanraak vandag?*

Wanneer ons lief is vir iemand, wil ons graag vir hulle sorg, en op 'n spesiale manier aan hul liefde wys. Dit is presies wat ons raaksien in hierdie besonderse verhaal, waar Jesus toelaat dat 'n vrou Hom salf, en op so 'n intieme manier versorg. Wanneer ons opregte omgee, opoffering en versorging sien, raak dit ons baie diep aan, asof ons op heilige grond is. Dink aan 'n ou getroude paar waar die een die ander versorg op hul sterwensbed, of dink aan die vriend wat sy nier opgee vir 'n oorplanting, ens. Hierdie tipe intimiteit is beide uitnodigend en konfronterend; daar is 'n gee en 'n ontvang. Tog laat Jesus hierdie aanraking toe. God maak Homself weerbaar om ook te ontvang. Ons weet dat God 'n God is van verhouding, en dat dit dus wedersyds is, tog is dit makliker om te dink dat dit net God is wat heeltyd gee. God verlang ons deelname. Wat is dit wat jy graag vir God wil gee? Wat raak God se hart aan?

Liefde is 'n werkwoord, dit is nie 'n geheim wat ons koester in ons gedagtes nie. Liefde soek altyd maniere om uitgedrukking te gee. Soms raak ons selfs frustreerd met mekaar se maniere van liefde wys, omdat ons nie mekaar se Liefdestale verstaan nie. Ander kere hou ons terug om nie 'te uitbundig' te wees nie, omdat ons bang is om seer te kry, of verwerp te word. Maar God ken jou taal, en jou eie unieke uitbundigheid waarmee jy liefhet Ons is reeds volkome geliefd, so dit is veilig om te gee. Jesus los vir ons leidrade oor hoe ons Sy hart kan aanraak, en dit is om Sy hande en voete te word, en om vir die wat nie het nie, die wat nie raakgesien word nie, die wat gering ge-ag word, liefde te wys.

GEBEDSVOORSTEL: *Vra vir God aan wie jy liefde kan wys vandag.*

*"The King will reply, 'Truly I tell you, whatever you did for one of the least of these brothers and sisters of mine, you did for me.' Matthew 20:40*

# VERDIEP



*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer.*

VRAE VIR REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas en ander Lydenstydsgewoontes beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

**9-15 MAART 2026**

# WEEK 4

## WEEK 4 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN DIE VERSKILLENDE GEBEURE, MENSE EN REAKSIES WANNEER JESUS INHEGTENIS GENEEM WORD.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 4 VAN LYDENSTYD:

1. Ons hou aan met Week 1 en 2 se gewoontes van vas (met die uitsondering van Sondae), en daaglikste gebedstyd. (bladsy 3)

2. Die gewoonte vir Week 4 is om ‘n Skuldbelydenis te doen. Om ons sonde te bely is ‘n Christen dissipline wat vir honderde jare al beoefen word. Ons vra vir die Heilige Gees om ons te help om bewus te word van ons sondes, en dit dan te bely teenoor ons Vader. Deur belydenis te doen, en vir vergifnis te vra, maak ons onsself oop vir God se genade, vrymaking en verandering. Belydenis is om ons skadus na die Lig toe te bring.

# VERSLAAP

**MAANDAG, 9 MAART**

*Om langer/later te slaap as wat 'n mens beplan het.*

## MATTEUS 26:36-46

*[37-40]Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat beteken dit om saam met Jesus te waak of wakker te bly?*

Ons is oormoeg. Hoe gereeld hoor jy jouself net wens dat dit al naweek/vakansie is, of dat jy oorweldig voel oor hoe besig jy is? Wanneer ons so naby aan uitbranding leef, is dit moeilik om ''wakker'' te bly: wakker vir mense rondom my se harte, wakker vir God se stem of wakker vir versoekings. Wanneer ons moeg is, raak ons weerbaar vir ongesonde ''coping mechanisms'' en verslawings. In Lukas 22: 45 vra Jesus: *"Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."*

In 'n kwesbare oomblik, nooi Jesus Sy dissipels om saam met Hom wakker te bly, maar Hy vind hulle elke keer aan die slaap. Dit is so 'n hartverskeurende oomblik. Ons kan so maklik verstaan hoe die dissipels verslaap het, maar tog was dit 'n spesiale geleentheid om ook hul vriendskap met Jesus te bevestig. Is dit vir jou maklik om hulp te vra? Is dit vir jou maklik kom ''wakker'' te bly as iemand vra? Of is jou eie behoeftes belangriker? Wat beteken dit om saam met Jesus wakker te bly in vandag se tyd? Dalk is dit om nie te glo dat sosiale media realiteit is nie, dalk is dit om wakker te wees vir waar mense misbruik word, dalk is dit om wakker te bly in naby-verhoudings en mense werklik raak te sien. Dalk is dit om wakker te bly vir die behoeftes om ons. Waar vra Jesus jou om wakker te bly?

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor die versoekings waarvoor jy vatbaar is wanneer jy uitgeput/swak is.*

*The most holy and important practice in the spiritual life is the presence of God - that is, every moment to take great pleasure that God is with you. Brother Lawrence*

**DINSDAG, 10 MAART**

# VERMAAN

*Aanspreek om gedrag te beïnvloed; iemand moreel op die regte pad wys.*

## MATTEUS 26:51-56

*[51] Een van dié wat saam met Jesus was, gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan na die slaaf van die hoëpriester en kap sy oor af. Toe sê Jesus vir hom: "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom. Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel.*

Dit is baie vroeg oggend in Getsemane. Jesus bid en Sy dissipels val aan die slaap. Die volgende oomblik kom 'n groot groep mense aan met swaarde en stokke, en Judas wys Jesus uit as die een om te arresteer. In 'n oomblik van instink, gryp Petrus 'n swaard en begin veg.

Instink is 'n vreemde ding; is jy al verras oor hoe jy opgetree het in 'n krisissituasie? Dalk het jy ook soos Petrus begin veg, of dalk gevlug of dalk gevries! Jesus se instink is om nie geweld met geweld te ontmoet nie. Jesus kon engele roep om Hom te beskerm, maar Hy kies 'n weg wat tot 'n groter Vrede sal lei. Jesus vermaan Petrus omdat hy geweld gebruik, want Petrus weet van beter – hy het telkemale Jesus gehoor praat, daagliks Sy manier van lewe dopgehou (veral Mat.5). Jesus gaan selfs 'n stap verder, en genees die soldaat van sy wonde. Dit is die tipe Koning wat ons volg! Nie een wat stukkend maak nie, maar Een wat heelmaak, en vrede bring.

Dit is so maklik om te baklei, om stukkend te maak – en baie doen dit selfs die naam van Jesus, om Hom te "verdedig". Maar ons God het nie verdediging nodig nie, God vra getrouheid tot die manier van leef wat Hy gewys en geleer het. 'n Lewe wat gekenmerk word deur die Vrug van die Gees. "*Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* (Mat 5:9)

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar kan jy vrede bring rondom jou?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor die plekke en mense in jou lewe waar daar rusie is.*

*Lees ook: Lukas 22:49-52 en Matteus 5:1-16*

# VERDWYN

**WOENSDAG, 11 MAART**

*Uit sig beweeg en nie meer gesien word nie. • Ophou om te bestaan.*

## MATTEUS 26:56

*"Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat maak jou bang?*

Jesus word inhegtenis geneem, en sy vriende verdwyn, hul hardloop weg. Elkeen van ons het ons eie verhaal van wanneer ons werklik in die steek gelaat was deur vriende/familie. Tye waar ons mense dalk nodig gehad het, maar op die ou end alleen daardeur moes gaan. Afrikaans het 'n baie mooi spreekwoord: Mooiweersvriende. Om goeie vriende en ondersteuning te hê, is raar. Wie kan jy met vrymoedigehid 3h die oggend bel? Miskien is Jesus ook opsoek na 'n paar vriende op wie Hy kan staatmaak.

Jesus het sy dissipels probeer voorberei dat daar 'n swaar tyd vir Hom voorlê - dat iemand hom gaan verraai - maar toe die oomblik gebeur het vrees hulle totaal oorgeneem. Oor en oor in die Bybel lees ons verhale waar die mens maklik bangraak en wil wegkruip. Vrees is 'n realiteit, maar dit kan so maklik ons lewens oorneem. Vrees maak dat ons klein lewe, en bang is om waarlik deel te neem of ten volle op te daag. Vrees gee voor dat dit ons veilig hou, maar eintlik sluit dit ons toe in 'n tronk. Dit is normaal om bang te word met tye, maar ons het 'n keuse of vrees ons lewens gaan beheer.

Daar is 'n paar dissipels wat wel teruggekeer het, en ons sien hulle naby aan die kruis in Jesus se finale oomblikke. Ons sien ook hoe die vroue in Jesus se lewe heeltyd naby gebly het op Sy Golgota pad. Wat ons onsself kan afvra, is of ons self God net volg vir "mooi weer", en of ons bereid is om saam deur die storms te gaan. Gaan ons toelaat dat vrees ons terughou, of gaan ons luister wanneer God herhaaldelik roep: "Moenie bang wees nie"

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor jou vrese. Wat laat jou angstig voel? Waar wil jy weghardloop of wegkruip?*

*"Can you imagine a life with no fear? What if faith, not fear, was your default reaction to threats?" Max Lucado*

**DONDERDAG, 12 MAART**

# VERLOËN

*Om iemand te verraai en ontrou te wees.*

## JOHANNES 13:37,38 EN 18:15-27

*Joh13:37,38 "Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê." "Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra Jesus. "Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën."*
*Joh 18:17Toe sê die diensmeisie, die deurwagster, vir Petrus: Jy is tog nie ook een van die dissipels van hierdie mens nie? Hy sê: Ek is nie. En die diensknegte en die dienaars het by 'n koolvuur gestaan wat hulle gemaak het — want dit was koud — en hulle het hul warm gemaak. En Petrus het by hulle gestaan en hom warm gemaak.*
*En Simon Petrus het hom staan en warm maak. En hulle sê vir hom: Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie? Toe ontken hy dit en sê: Ek is nie. Een van die hoëpriester se diensknegte wat familie was van die man wie se oor Petrus afgekap het, sê: Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie? En Petrus het dit weer ontken; en dadelik het die haan gekraai.*

Ons harte gaan uit na Petrus. Net die vorige aand het hy met soveel brawade belowe dat hy Jesus nooit sal verraai nie, maar binne 24 uur gebeur dit dan dat hy 3 keer ontken dat hy Jesus ken. Sy hele wêreld tuimel inmekaar. Jesus is in gevangenis geneem, die dissipels het almal weggehardloop, en hy, wat belowe het om Jesus met alles te volg, kon Hom nie volg in Sy swaarkry nie. Jesus herstel natuurlik weer vir Petrus: 3 keer, met soveel sorg en omgee. (Joh.21:15). Maar op hierdie oomblik voel Petrus soos 'n skurk.

Ek en jy gaan met tye Petrus wees wat dramatiese foute maak. Geen dissipel volg net heeltyd presies in Jesus se voetspore nie. Dissipel beteken leerder, en dit is ook die geheim; om te kan leer deur ons foute, al is daar diep pyn en emosie betrokke. God kan herstel. Daar is tye in ons lewens waar ons gedrag wys: "ek ken Hom nie". God wil daardie gedeeltes in ons ook na die lig bring. God wil vir daardie gedeeltes binne ons, ontbyt maak en vra: "Het jy my lief?". Elke persoon gaan met tye wegdraai van wat goed en mooi en liefdevol is, en in daardie tye kan ons vertrou dat die Helige Gees na ons sal roep.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Watter deel van jou lewe/gedrag ontken soms dat jy Jesus ken?*

GEBEDSVOORSTEL: *Praat met God oor die gedeeltes van jou lewe waaroor jy nie trots is nie, maak jou hart ook oop om genade te ontvang.*

*Someday may it be written about me on my tombstone: He was so amazed by God's grace that he couldn't keep it to himself."*
*— Lee Strobel*

# VERKLAAR

**VRYDAG, 13 MAART**

*Die bedoeling verduidelik; duidelik en helder maak. • 'n Amptelike standpunt uitspreek; plegtig te kenne gee.*

## LUKAS 22:66-70

*"Teen dagbreek het die Raad van Familiehoofde byeengekom, die leierpriesters en skrifkenners, en hulle het Hom na hulle Sanhedrin weggelei. Hulle het gesê: "As jy die Christus is, sê dit vir ons." Maar Hy sê vir hulle: "As Ek dit vir julle sê, sal julle My beslis nie glo nie. En as Ek 'n vraag vra, sal julle beslis nie antwoord nie. Maar van nou af sal 'die ·Seun van die Mens sit aan die regterhand van God, die Magtige.' Toe vra hulle almal: "Is jy dus die ·Seun van God?" En Hy antwoord hulle: "Dit is julle wat sê dat Ek is."*

Die Skrifgeleerdes en Priesters wou Jesus uit die pad maak omdat Hy verklaar het dat Hy die Seun van God is, die Christus. Ons sien reeds vroeër in die Evangelies dat mense begin glo het dat Jesus die Messias is, maar bang was vir die gevolge as hul dit sou erken (Joh 9:22). Jesus verklaar die waarheid, al weet Hy dit gaan Hom Sy lewe kos, Petrus verklaar 'n leuen, want hy is bang vir die gevolge.

Verklarings is die groot standpunte wat ons bereid is om te maak. Wat verklaar jou lewe oor wat jy glo? 'n Verklaring is ook 'n verduideliking van jou gedrag, bv. "Omdat ek glo in Christus, lewe ek met oop hande en met 'n oop hart." Of soos in Joshua 24:15 "*Maar ek en my huis, ons sal die Here dien*." Daar is krag in woorde, en daarom is dit belangrik hoe ons oor God, onsself en oor mekaar praat. Wat is die effekte van die woorde wat jy oor jou eie en ander se lewens verklaar? Bou dit op of breek dit af? Daar is soveel "fake news" daar buite, en die vyand geniet dit ook as ons self deelneem in valse verklarings. God se verklarings bring Vryheid en Hoop, dit maak ons nie kleiner en banger nie – dit maak ons braaf en diensbaar. Wat verklaar God oor jou?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Wat is die verklaring wat jy met jou lewe wil maak?***

GEBEDSVOORSTEL: *Vra vir God oor die waarhede wat Hy oor jou lewe verklaar. Wat sê God oor jou?*

*Lees ook: Openbaring 3:5 en Romeine 10:8-13*

**SATERDAG, 14 MAART**

# VERDRIET

*'n Gevoel van hartseer en droefheid.*

## MATTEUS 27:3-5

*"Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy spyt gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke teruggebring na die priesterhoofde en die familiehoofde toe en vir hulle gesê: "Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai." Maar hulle antwoord: "Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak!" Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang*

In die oploop tot die Kruisiging sien ons twee verhale van verraad. Judas, wat vir 30 muntstukke Jesus opgelewer het aan die Skrifgeleerdes, en Petrus wat 3 keer ontken dat hy Jesus ken en volg. Albei verhale is van mense wat naby aan Jesus geloop het – vriende was met Jesus. Albei verhale het inkeer oomblikke, oomblikke van spyt. Ons sien dat Petrus buitentoe gegaan het, en bitterlik gehuil het (Luk 22:62), en ons sien dat Judas die geld wou geruggee. Petrus was vol brawade, en het Jesus ontken. Judas was agteraf, en het Jesus uitverkoop. Albei stories wat verraad, maar wat is die verskil tussen hulle? Judas het op sy eie gegaan en die verdriet wat hy diep is sy eie hart gehou het, het hom vernietig. Petrus het teruggedraai na Jesus, en sy verhouding is herstel.

Ons elkeen gaan met tye sondig en wegdraai van wat goed en vol liefde is. Dan het ons altyd 'n keuse om terug te draai en herstel te word (dink maar aan die Verlore Seun) of om verder te dwaal. God nooi ons om die realiteit van ons eie skadus na Hom toe te bring, en nie net op ons eie van af binne opgeëet te word nie. Wat maak jy met jou teleurstellings en skadus? Hou jy dit diep binne geheim of bring jy dit na die Lig, in gesprek met God? God skrik nie vir ons goggas nie, Hy bring genesing.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat maak jy met jou skadus en teleurstellings?*

GEBEDSVOORSTEL: *Praat met God oor die hartseer en teleurstellings in jou hart. Laat toe dat God jou vashou.*

***"What gives me the most hope every day is God's grace; knowing that his grace is going to give me the strength for whatever I face, knowing that nothing is a surprise to God." - Rick Warren***

# VERDIEP

*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

**SONDAG, 15 MAART**

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer.*

VRAE VIR DIE REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas en ander Lydenstydsgewoontes beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

16-23 MAART 2026

# WEEK 5

## WEEK 5 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN JESUS SE VERHOOR: VAN DIE JOODSE RAAD, TOT PILATUS EN HERODUS. HOE JESUS OPGETREE HET, EN HOE DAAR TEEN HOM OPGETREE WAS.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 5 VAN LYDENSTYD:

1. Ons hou aan met Week 1 en 2 se gewoontes van vas (met die uitsondering van Sondae), en daaglikste gebedstyd. (bladsy 3)
2. Die gewoonte vir Week 5 is om fisiese besittings **te verminder en om skoon te maak**. Ons het soveel ''stuff''. Kom ons kies 'n laai of kas hierdie week en pak dit reg en gee al ons ekstras (wat nog in goeie kondisie is) weg. Ons maak plek en ons oefen om goeie rentmeesters (''stewards'') te wees. 'n Fisiese aksie waarin ons ook God se ''skoonmaak'' van ons harte onthou.

# VERHOOR

**MAANDAG, 16 MAART**

*Die indringende ondervraging van 'n verdagte om skuld te bepaal.*

## JOHANNES 18:19-24

*"Die hoëpriester het Jesus toe ondervra oor sy dissipels en oor sy leer. Jesus het hom geantwoord: "Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer, waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het niks in die geheim gesê nie. Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het." Toe Jesus dit sê, het een van die wagte wat daarby gestaan het, Hom geklap en gesê: "Antwoord jy die hoëpriester so?" Jesus sê toe vir hom: "As wat Ek gesê het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd; maar as dit reg was, waarom slaan jy My?" Annas het Hom toe geboei na die hoëpriester Kajafas toe gestuur."*

Jesus is van een verhoor, na 'n volgende gestuur. Van Annas na Kajafas, wat deel van die Sanhedrin (die Joodse Raad en Owerheid) was, na die Romeinse Owerhede (Pilatus en Herodus). Die Sanhedrin het nie die mag gehad om iemand met 'n doodstraf te vonnis nie, daarom het hulle Jesus aanhou ondervra totdat hul bewyse kon kry dat Romeinse wette ook verbreek is. In Lukas 23:5 kla hul Hom uiteindelik aan dat hy die volk opsweep om om nie belasting te betaal nie, en dat Jesus homself 'n Koning noem. In die Romeinse Ryk, was die Keiser Koning, en enige iemand wat die Keiser se heerskappy uitgedaag het, kon tot dood veroordeel word vir verraad.

Die eerste verhoor was voor Annas ('n voorverhoor), maar daar was geen intensie om regtig na Jesus te luister nie, die enigste agenda was om hom skuldig te bevind. Hulle het reeds besluit om van Hom ontslae te raak, want hulle kon nie hoor wat Sy Goeie Nuus was nie. Ek en jy is ook soms skuldig hieraan: ons luister net sodat ons iemand kan uitvang, of skuldig vind, of ons eie agenda kan laat uitspeel. Om waarlik te luister, om te probeer te verstaan, is 'n vorm van liefde. Ons dien deur ons volle aandag en ore te gee; vir geliefdes, maar ook vir ons vyande. Oop ore kort oop harte. Wanneer ons ore toe is vir mekaar, begin ons dikwels dan ook sukkel om God te hoor.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Hoe gaan dit met jou ore?*

GEBEDSVOORSTEL: *Bid die volgende woorde uit 1 Samuel 3 'n paar keer: "Spreek Heer, U dienskneg luister." – en luister dan*

*"Be faithful in small things because it is in them that your strength lies." - Mother Teresa*

**DINSDAG, 17 MAART**

# VERONTWAARDIG

*'n Gevoel dat 'n mens te na gekom is; seergemaak voel*

MATTEUS 26
VERS 59-68

*"Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het vals getuienis teen Jesus probeer kry sodat hulle Hom kon doodmaak. Baie vals getuies het na vore gekom, en tog kon die Raad niks teen Hom vind nie. Eindelik het daar twee vorentoe gekom en gesê: "Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en in drie dae weer opbou."*
*Toe staan die hoëpriester op en sê vir Hom: "Verweer jy jou glad nie? Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?" Maar Jesus het niks gesê nie. Die hoëpriester sê toe vir Hom: "Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?" Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel". Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: "Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor. Wat dink julle?" Hulle het geantwoord: "Hy verdien die dood!"*

Kajafas (Annas se skoonseun), was die Hoofpriester, en het die tweede verhoor behartig. Hoofpriesters was die hoof van die Tempel – 'n politiese en 'n godsdienstige rol. Ons weet alreeds dat Jesus die Joodse owerhede (die Raad, Skrifgeleerdes, Fariseërs en Saduseers), dikwels kwaad gemaak het wanneer Hy uitgewys het dat hulle God se wette ken, maar nie God self ken nie. Kajafas het sy waarde in sy magsposisie, en sy kennis van die Wet, gevind. Hy is met aansien hanteer omdat hy die "gatekeeper" van die Tempel was. Die Tempel was steeds vir Jode die fisiese plek waar God teenwoordig was. Ons kan daarom verstaan hoekom hy so verontwaardig was dat Jesus die tempel sou afbreek en opbou in 3 dae. Kajafas word woedend, want Jesus bedreig sy mag en sy identiteit. Soveel so, dat hy Jesus in sy gesig spoeg en met die vuis slaan (Mat26:67). Kajafas se woede het hom bitter gemaak.
Woede is altyd 'n boodskapper wat ons aandag vereis. Iemand het eenkeer gesê: "*Anger is the bodyguard of sad and fear*". Wanneer ons kwaad raak, is dit nodig om nuuskierig te raak oor wat waarlik aan die gang is. Jesus het ook kwaad geraak, maar laat ons die redes daaragter verstaan, en dit nie gebruik as 'n voorbeeld om ons eie woede te regverdig nie. Natuurlik het Jesus kwaad geraak, maar Jesus het nie dat sy woede Hom definieer en sy allerdaagse gedrag laat beinvloed nie, dit het nie 'n karaktereienskap geword nie. Is jou God heeltyd kwaai?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat doen jy met jou woede en irritasies?*

GEBEDSVOORSTEL: *Vra vir God om vir jou te wys waar daar woede of irritasies in jou hart is*

*"Christians get very angry toward other Christians who sin differently than they do." — Philip Yancey*

# VERDEDIG

**WOENSDAG, 18 MAART**

*Om teen 'n aanval te beskerm*

## LUKAS 23:6-12

*"Toe ·Pilatus dit hoor, vra hy of die man 'n Galileër is; en toe hy besef dat Hy afkomstig is uit die magsgebied van Herodes, het hy Hom na Herodes gestuur, wat self juis in daardie tyd in Jerusalem was. Toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy wou Hom al 'n geruime tyd te siene kry, omdat hy van Hom gehoor het en gehoop het om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen word. Hy het Hom uitvoerig ondervra, maar Jesus het hom glad nie geantwoord nie."*

Die Joodse Raad het Jesus by Pilatus, die Goewerneur van Judea gaan aankla. Pilatus het Jesus aangehoor en gevra (Matteus 27) *"Is jy die koning van die Jode?" Jesus antwoord: "Dit is soos u sê."Op die beskuldigings van die priesterhoofde en die familiehoofde het Hy niks geantwoord nie. Toe sê Pilatus vir Hom: "Hoor jy nie waarvan hulle jou alles beskuldig nie?"Maar Jesus het hom op geen enkele woord 'n antwoord gegee nie, sodat die goewerneur baie verbaas was."* Jesus is toe na Herodus gestuur, wat die Romeinse Gesag was in Galilea. Jesus verdedig nie Homself by een van die Romeinse heersers nie. Dit is asof Jesus weet dat hierdie stryd, niks met aardse gesag te doen het nie. Jesus ken Sy waardigheid. Hy weet ook hoe Sy dood oorwinning gaan bring, omdat dit die wil is van Sy Vader.

Wanneer ons in God se wil lewe, het ons nie meer nodig om onsself onnodig te verduidelik nie. Jesus se optrede, eggo die woorde in Eksodus 14:13,14 "*Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here wat Hy vandag vir julle gaan bewerk. Want die Egiptenare wat julle vandag sien, sal julle nooit weer sien nie. Die Here self sal vir julle veg. Julle moet net stil bly."* Soms is dit goed om stil te bly, en nie in onnodige bakleiery betrokke te raak nie. Hoe gemaklik is jy met stilte?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Hoe gemaklik is jy met stilte?***

GEBEDSVOORSTEL: *"Vader, wanneer ek konfrontasies beleef, wys my asseblief wanneer om te praat, wat om te sê, en wanneer om stil te bly."*

*Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie eiebelang na nie, is nie liggeraak nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie, 1 Kor. 13:5*

**DONDERDAG,19 MAART**

# VEROORDEEL

*'n Regterlike oordeel uitspreek; iemand vonnis.*

## LUKAS 23:1-5

*"Toe het die hele menigte opgestaan en Hom na Pilatus gelei. Hulle het Hom begin aankla en gesê: "Ons het vasgestel dat hierdie man ons volk op 'n dwaalweg lei, en hulle daarvan weerhou om belasting aan die keiser te betaal, terwyl hy van homself gesê het hy is die Gesalfde – 'n koning." Pilatus vra toe vir Hom: "Is u die koning van die Jode?" En Hy antwoord: "U sê dit." Daarop sê Pilatus aan die leierpriesters en die skare: "Ek vind geen skuld in hierdie mens nie."*

Herodus stuur vir Jesus terug na Pilatus, die goewerneur van Juda, om veroordeel te word. Pontius Pilatus vind geen skuld in Jesus nie, maar tog word hy oortuig deur sy vrees vir politieke onrus, om Jesus tog tot dood te veroordeel. Om te veroordeel beteken om 'n uitspraak of vonnis te gee. Ons weet dat deur Jesus se onskuldige veroordeling, daar nie meer veroordeling is vir ons nie (Rom.8), ons is vrygespreek. Daarom is dit van uiters belang dat ons Jesus se woorde in Matteus 7 ter harte neem, waar Hy ons leer om nie te oordeel nie, dat dieselfde maat waarmee ons ander meet, vir ons ook sal geld - dat dit beter is om die splinter in ons eie oog raak te sien.

Maar ons oordeel steeds mekaar. 'n Eenvoudige toets daarvoor is die maat wat ons gebruik rondom 'n "first impression". Wat maak 'n indruk op jou? Is dit hoe iemand lyk, aantrek, watter werk hul doen, of hul "reg glo soos jy", of sien jy hul eenvoudig as 'n waardevolle mens, omdat God elkeen met waarde geskep het? Dit is nie ons rol om mense te weeg en te oordeel nie, ons kan nooit die volle prentjie van iemand se storie ken nie, daarom laat ons dit in God se hande. As 'n Christen, is my prioriteit dat elke persoon geliefd sal voel in my teenwoordigheid, en dat ek eerder die splinter in my eie oog sal haal. Daar is wel tye wanneer die Heilige Gees ons stuur om 'n Natan in iemand se lewe te wees (wat Dawid oor sy owerspel gekonfronteer het), maar dan is dit altyd tot stigting en herstel van die persoon, en nie net 'n los oordelende kommentaar of skinder nie, maar 'n ware Matteus 18 pad. Meestal word ons genooi om voor ons eie stoep te vee, en die res aan die Heilige Gees se bekwaamheid oor te laat.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat is die maat wat jy gebruik wanneer jy iemand nuut ontmoet?*

GEBEDSVOORSTEL: *"Vader, ek bely dat ek maklik oordeel. Verander asseblief my hart en gedagtes sodat ek elke persoon met waarde sal hanteer"*

*Lees verder: Lukas 23:13-18, Matteus 7:1-3, Romeine 8:1-8, Spreuke 21:2*

# VERANTWOORDELIK

**VRYDAG, 20 MAART**

*Vir iets sorg en dit oppas; met groot verpligting omsien dat alles reg verloop. • Die oorsaak wees vir iets.*

## MATTEUS 27:22-27

*22-24 "Pilatus sê vir hulle: "Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?" "Kruisig hom!" skreeu hulle almal. Hy vra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?" Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!" Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid." Toe antwoord die hele volk: "Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!"*

Pilatus was sy hande in onskuld. Hy weet hy is besig om 'n fout te maak, en sy vrou het selfs 'n boodskap na hom toe gestuur dat sy 'n droom gehad het oor Jesus se onskuld. Tog besluit hy uit vrees om in te gee tot die Jode se woede, al vind hy self geen skuld in Jesus nie. Pilatus wou wel sy mag duidelik maak oor die Jode, en daarom laat maak hy 'n teken wat bo-aan Jesus se kruis vasgespyker was: die Koning van die Jode. Vrees is gewoonlik nie 'n goeie en wyse raadgewer vir besluite nie. Maar woede en arrogansie is ook nie: die Jode neem sommer die skuld vir Jesus se bloed op hul kinders! Gelukkig weet ons dat God se genade groter is as ons vrees of arrogansie, dit kan selfs daardie sonde bedek!

In hierdie toneel sien ons hoe Pilatus sy verantwoordelikheid probeer afwas, en hoe die Jode sommer namens hul kinders verantwoordelikheid opneem vir Jesus se bloed. Elkeen van ons het areas in ons lewe waar ons sukkel om ten volle verantwoordelikheid te neem: dalk is dit jou gesondheid, of jou verhouding met God of jou lewensmaat/vriende. Daar is altyd 'n verskoning vir hoekom dit nie 'n prioriteit is nie. Maar ons elkeen het ook tye waar ons te veel verantwoordlikheid opneem, wat nie ons s'n is om te dra nie, wat nie binne ons beheer is nie, bv. ander mense se gesindhede. Wat roer God in jou binneste? Is daar plekke in jou lewe waar God jou uitnooi om groter eienaarskap te neem? (bv. jou gawes), of is daar dalk plekke waar God jou nooi om ''jou beheer'' te laat gaan?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar in jou lewe nooi God jou uit om minder / meer verantwoordelikheid te neem?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor die verantwoordelikhede in jou eie lewe. Hoe voel God daaroor? Waaroor het jy werklik beheer?*

*The greatest day in your life and mine is when we take total responsibility for our attitudes. That's the day we truly grow up.*
*- John C. Maxwell*

**SATERDAG, 21MAART**

# VERWERP

*Om nie te aanvaar nie; af te wys.*

## MATTEUS 27:21-23

*[21] Die goewerneur vra hulle toe: "Watter een van die twee wil julle hê moet ek vir julle loslaat?" "Barabbas!" antwoord hulle. Pilatus sê vir hulle: "Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?" "Kruisig hom!" skreeu hulle almal. Hy vra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?" Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!"*

Barabbas word letterlik die eerste persoon in wie se plek Christus sterf.

Hierdie toneel is so tragies. Die skare raak opgesweep deur die Joodse leiers, en sonder om self te besef wat hul doen, skree hul saam: ''Kruisig Hom'' - Kruisig die Een wat mense genees en gevoed het. Kruisig die Een wat 'n boodskap van vrede en eenheid gebring het. Kruisig Jesus, want Hy het ons eie gemak te veel uitgedaag. Dit is so maklik om as 'n toeskouer deur die lewe te gaan, en opgesweep te word. Die dissipels het ''skin in the game'' gehad. Ons word steeds vandag met tye opgesweep deur die ''skare'' van sosiale media wat divisie en haat om elke draai bevorder.

Jesus word verwerp, al is Hy die Antwoord. Om verwerp te word is seker van die pynvolste belewenisse, dit voel soos 'n boodskap van ''nie goed genoeg nie'' wat in jou ore begin suis - of dit nou 'n werksaansoek, of in 'n verhouding of vriendskap, of verbygaande roekelose kommentaar is. Jesus sien jou raak in jou verwerping. Dit gebeur so maklik dat die stem wat ons opsweep, of die stem van ''nie goed genoeg nie'', die stem in ons ore word. Maar die Heilige Gees wil graag die blywende melodie in ons ore wees... die Een wat vertroos, bevestig, aanmoedig, oprig, leiding gee, en Lig bring. Wie se stem hoor jy in jou ore?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wie se stem is in jou ore?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met Jesus oor die teks, en die verwerping wat Hy beleef het. Gesels dan ook oor jou eie belewenisse van verwerping. Hoe klink God se stem in jou ore?*

*Die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword. Psalm 118:22*

# VERDIEP

**SONDAG, 22 MAART**

*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer.*

VRAE VIR REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas en ander Lydenstydgewoontes beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

**23-29 MAART 2025**

# WEEK 6

## WEEK 6 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF EN STILSTAAN BY JESUS SE KRUISPAD: DIE PYN EN VERNEDERING WAT HY VERDUUR HET, DIE MENSE WAT OM HOM WAS, EN SY EERSTE KRUISWOORDE.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 6 VAN LYDENSTYD:

1. Ons hou aan met Week 1 en 2 se gewoontes van vas (met die uitsondering van Sondae), en daaglikste gebedstyd. (bladsy 3)
2. Die gewoonte vir Week 6 is om ekstra **vrygewig** te wees. Ons wil uit dankbaarheid in hierdie tyd 'n bietjie ekstra vrygewig wees. Gee 'n ekstra bietjie weg; of dit nou tyd, goed, geld of klere is. Wees selfs kreatief en span saam met ander om iets besonders vir iemand te doen, wat dit nie self sou kon bekostig nie.

# VERNIEL

**MAANDAG, 23 MAART**

*Om dinge te breek of te beskadig.*

## JOHANNES 19:1-3

*"Toe het Pilatus vir Jesus geneem en Hom laat gesel. Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek 3en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Waar wil Jesus jou in jou eie pyn ontmoet?***

Ons weet dat die Kruis 'n wrede manier was om kriminele tot dood te veroordeel. Jesus, wat as Vredemaker 'n Weg van Liefde vir ons wys, word veroordeel, en oor en oor verniel. Die Joodse Raad het in Sy gesig gespoeg, Hom met die vuis geslaan en geklap. Herodus het self ook Hom met minagting behandel en bespot (Luk 23:11). En Pilatus het Jesus oorgegee om te laat gesel deur die Romeinse soldate.

Om gegesel te word beteken om ten minste 40 keer deur 'n spesifieke sweep geslaan te word. Hierdie sweep was gemaak van stroke leer, waaraan stukkies been of metaal aan die punte geheg was. Dit was ook 'n algemene tendens dat mense wat die straf van gesel ontvang het, nie oorleef het nie. Selfs na hierdie marteling, moes Jesus steeds sy eie kruis dra, en is Sy lyf verder verniel deur die spykers.

Om selfs net te lees van ons Redder se leiding voel amper ondraagbaar, maar dit help ons tot dieper insig van die prys wat betaal is. Dit is daarom ook bemoedigend om te weet dat daar geen pyn is wat jy kan verduur, wat Jesus nie ook saam kan verduur nie. Ons pyn is nie oorweldigend vir ons God nie, maar Hy wil ons graag vertroos in ons tye van pyn. Waar het die lewe jou al verniel? En wat het jy met jou pyn gemaak?

GEBEDSVOORSTEL: *Praat met God oor die dinge waarvoor jy dankbaar is, en ook die dinge wat jou hart breek. Het jy tans iets wat pyn in jou lewe veroorsaak? Luister dan ook na God se hart.*

---

*Lees verder: 1 Petrus 2:22-25 "Deur Sy wonde is julle genees."*

**DINSDAG, 24 MAART**

# VERPLIG

*Om iemand te dwing om iets te doen.*

## LUKAS 23:26

*"Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra."*

Soms het ons dae waar ons nie lus is om die "regte" ding te doen nie. Ons voel nie altyd lus om nou die "beter" persoon te wees en eerste reg te maak, of om te dien nie. Soms raak ons moeg, al moedig Paulus ons aan om nie moeg te raak om goed te doen nie! (Gal.6:9). Sommige dae voel liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, ens, meer soos 'n plig as soos 'n voorreg wat uit ons verhouding met God vloei. Wanneer jy so 'n dag beleef. Stop. Jou tenk is leeg. Gaan sit by die Lewende Water. God kan selfs die dinge wat ons verplig voel om te doen, in 'n diens van liefde verander

Net soos Simon van Sirene, gaan ons soms gedwing word om dinge te doen. Simon het homself in die nou gange van Jerusalem bevind, tussen 'n geraas en geskree. Hy word deur soldate gegryp en gedwing om Jesus se kruis te dra. Sou Simon na die tyd besef watter voorreg dit was?

Ons gaan in hierdie lewe onsself met tye in onaangename verantwoordelikhede of take of geselsskap bevind. Verkeerde plek op verkeerde tyd. Maar gaan ons met geknersde tande opdaag, of met 'n nuuskierigheid hoe God selfs verpligtinge in vooregte of diensgeleenthede kan omskep.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Waar is daar 'n geleentheid om 'n verpligting in 'n voorreg te omskep?***

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor wat jou bybly en roer in die Skrifgedeelte.*

***"We are all faced with a series of great opportunities brilliantly disguised as impossible situations." - Chuck Swindoll***

# VERNEDER

**WOENSDAG, 25 MAART**

*Iemand behandel asof hy kleiner, laer of van minder waarde is.*

## MATTEUS 27:39-43

*"Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê: "Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!"*

Die kruis was 'n vorm van doodstraf wat slegs aan die grootste kriminele of vyande van die Romeinse ryk uitgedeel is. Dit was altyd 'n publieke skouspel wat vir die maksimum pyn en vernedering gesorg het. Dit is ondenkbaar dat dit die manier is wat Christus sou sterf. Tog het die kruis nou 'n teken van verlossing geword. Die kruis word wêreldwyd herken as die simbool van Christenskap. Die metode van vernedering, is omskep in 'n teken van Hoop. Dit is die Koning wat ons dien! Geen dood, geen krisis, geen vernedering, geen donkerte sal die finale woord hê nie.

Dalk voel jy tans op 'n plek van totale vernedering. Dalk is jou selfbeeld konstant aangeval en is jy omring met mense wat jou probeer "minder" maak. God verstaan daardie plek, en wil jou daar ontmoet en jou herstel. Dalk is dit jou eie dom besluite, dalk is dit 'n skinderstorie, of dalk oordeel van 'n ander Christen wat jou met "shame" laat sit. God se 'modus operandi' sluit nie "shame" en vernedering in nie. Jesus sal nie iemand "cancel" nie – niemand word afgeskryf in God se Koninkryk nie. God stig, God nooi uit, God daag op en daag uit en God herstel.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar wil God jou herstel en opbou?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor wat jy raaklees en -voel in die Skrifgedeelte*

*"Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie." Johannes 1:5*

**DONDERDAG, 26 MAART**

# VERDEEL

*In kleiner stukke breek of opdeel; in groepe of dele skei.*

## JOHANNES 19:23,24

*"Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het."*

Jesus hang broos en ontbloot aan 'n kruis, en die soldate loot wie sy klere kry. Jesus se klere word verdeel en die soldate kry 'n "stukkie" van Hom. En tog, is daar geen begrip wat Christus werklik hier met hul deel nie – iets wat nie kan opraak nie, iets wat nie in stukkies verdeel kan word nie, iets wat oneindig is. Die kruis staan in kontras tot die soldate se aksies. Die kruis is besig om versoening te bring, eenheid te bring, terwyl hulle besig is om te verdeel.

Dit is opvallend hoe baie Jesus, en die Nuwe Testament skrywers, praat oor Eenheid en ons waarsku teen verdeeltheid. Dit is so maklik om mense teenoor mekaar te draai, om 'n "ons" en "hulle" te skep. Wanneer verdeeltheid deel van ons identiteit raak, is "daai mense" altyd die vyand, en begin ons dink dat God net aan "ons" kant is. Maar God se agenda lyk anders as ons agenda.

Om eenheid te bevorder beteken nie om "dieselfde wees en dink" nie, dit beteken om verskille te kan respekteer, en saam te kan leef na 'n groter droom – God se droom. Dit is wat kerk is. Een liggaam, baie verskillende lede en een Koning.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

***Wat bring verdeeltheid onder mense?***

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor die verdeeltheid wat jy rondom jou raaksien. Hoe wil God jou gebruik?*

*Lees verder: Efësiers 4:1-16*

# VERGIFNIS

*Iemand 'n kwade of verkeerde daad nie langer toereken nie; begenadig*

**VRYDAG, 27 MAART**

**JESUS SE KRUISWOORDE**

## LUKAS 23:34

*34 Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar het jy nodig om vergifnis te ontvang of te gee?*

Jesus praat 7 keer terwyl Hy besig is om op die kruis te sterf. Jesus gebruik van Sy laaste energie om te bid, en God te vra vir vergifnis vir die mense wat Hom kruisig. Wat 'n ongelooflike oomblik wat God se hart openbaar. Jesus gee empatie, terwyl ander net haat teenoor Hom betoon. Jesus het Sy opdrag verstaan, omdat Hy God, ons Liefdevolle Vader, se hart verstaan het: die Goeie Herder, wat werklik vir Sy skape omgee, en nie wil hê dat enige van die skape verlore moet gaan nie. Terwyl Jesus ly, is Hy steeds 'n voorbeeld van die gebed wat Hy aan Sy dissipels geleer het: ''*Vergewe ons, soos ons ook die wat teen ons sondig, vergewe*". (Matteus 6)

Dit is baie moeilik om hierdie tipe liefde en genade waarlik te verstaan. Dit is reeds moontlik vir ons om soms ons geliefdes te vergewe, maar wat van die mense wat nie eers jammer is nie? Wat nie eers verstaan hoeveel skade hul aangerig het nie? God is inniglik genadig omdat Hy ook mense se stories ken. Geen mens is geskep met 'n boosheid binne hulle nie. Wat God skep, is goed. Mense verniel mekaar en kies donker paaie maar die Lig is altyd beskikbaar, vir elkeen.

Om ''vengence'' aan God toe te laat, is baie moeilik. Maar Jesus kon God se regverdigheid vertrou, en so ook Sy oortreders oorgee in God se hande. Hoe meer ons self God se genade teenoor ons beleef, hoe makliker begin dit raak om dit ook vir ander te gun.

GEBEDSVOORSTEL: *Bid/sing die Onse Vader gebed*

*"Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie." Hebreers 10:17*

**SATERDAG, 28 MAART**
**JESUS SE KRUISWOORDE**

# VERTROOS

*Om iemand tydens 'n moeilike tyd by te staan en te bemoedig.*

## JOHANNES 19:25-27

*"Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem."*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Waar kan jy vandag vertroosting bied?*

Dit is moeilik om onsself in te dink wat Jesus se ma, se moederhart, deurgegaan het tydens die kruistog en op Golgota. Jesus gebruik van Sy laaste energie om haar te vertroos deur vir haar en Johannes aan mekaar te verbind.

In Jesus se eie pyn, sien Hy steeds die pyn van ander raak. Dit is die God wat ons dien! God vertroos ons in ons eie pyn, maar bekragtig ons ook om selfs in moeilike tye, steeds ander se behoeftes te kan raaksien. Dit is so maklik om in ons eie pyn, probleme en bekommernisse vasgevang te raak, maar Jesus wys ons hoe om ons koppe te lig. Vertroosting is prakties. Jesus vra vir Johannes en Sy ma, om na mekaar om te sien, mekaar te vertroos, familie te wees.

Waar het jy vertroosting nodig? En is jy oop daarvoor? Is dit moontlik vir jou om te kan ontvang? En waar kan jy vertroosting bied vir ander? Jy het nie perfekte woorde of oplossings nodig om vertroosting te bied nie. Soms is 'n eenvoudig boodskap: "Dink aan jou", of 'n maaltyd wat afgelaai word, of sommer net in stilte te sit, al wat nodig is. Mag God die kapasiteit in ons ontwikkel om te kan omgee al is ons self in moeilike tye, of al is ons besig. Mag ons leer hoe om lank by die Strome van Lewende water te sit en ook vir ander 'n plekkie langs ons te maak.

GEBEDSVOORSTEL: *Bid vandag vir mense wat swaarkry, en doen iets prakties vir iemand om hul te vertroos/te bemoeding*

*The ultimate measure of a man is not where he stands in moments of comfort and convenience, but where he stands at times of challenge and controversy. Martin Luther King, Jr.*

# VERDIEP

**SONDAG, 29 MAART**

*Om dieper te maak. • Om ernstig in gedagte of by iets betrokke te wees*

## Sondae is vir rus en speel en refleksie.

(Lees gerus op bladsy 3 meer oor Sondae en Lydenstyd)

*Neem 10minute om saam met God oor die volgende paar vrae te reflekteer.*

VRAE VIR REFLEKSIE:

- Hoe het jy jou vas, en die ander Lydenstydsgewoontes, beleef hierdie week?
- Watter van die teksverse, of gebedstye was vir jou besonder kosbaar?
- Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord? (bl.4)

30 MAART-5 APRIL 2025

# WEEK 7

## WEEK 7 UITNODIGING:

IN HIERDIE WEEK GAAN ONS DIEPER DELF IN
DIE FINALE OOMBLIKKE VAN JESUS OP DIE KRUIS: EN NA DIE WOORDE WAT HY IN
HIERDIE FINALE OOMBLIKKE GESPREEK HET.

PRAKTIESE GEWOONTES VIR WEEK 7 VAN LYDENSTYD:

1. Ons hou aan met Week 1 en 2 se gewoontes van vas (met die uitsondering van Sondae), en daaglikste gebedstyd. (bladsy 3)

2. Die gewoonte vir Week 7 is om 'n Kruis saam met jou te dra hierdie week. Ons is in die finale week van Lydenstyd – die finale oploop na PaasVrydag. Dra hierdie week 'n klein kruis saam met jou, of teken 'n kruis op jou hand, of sit 'n agtergrond foto op jou foon. Wanneer jy dan die kruis sien, dink terug aan wat God met jou gedeel het in jou gebedstyd, of bid jou Lydenstydgebed.

# VERSOEK

*Om iemand te vra om iets te doen of nie te doen nie..*

**MAANDAG, 30 MAART**

**JESUS SE KRUISWOORDE**

## JOHANNES 19:28-30

*"Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors." Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat is Christus se versoek aan jou?*

"Ek is dors". Jesus maak 'n versoek, Hy vra vir iets om te drink. In Lukas 23 lees ons hoe die soldate dan vorentoe kom on hom te spot: *"Hulle het vir Hom suur wyn aangebied en gesê: "As jy die koning van die Jode is, red jouself."*. In Christus se moeilikste oomblik, hou hul aan om nog spot te dryf.

Jesus is twee keer wyn aangebied. Die eerste keer was net voor Sy kruisiging, op Golgota, soos geskryf in Lukas15:23: *'Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie*." Hierdie wyn met mirre is gebruiklik deur vroue aangebied vir die gekruisigdes, as 'n tipe verdowingsmiddel vir die pyn – Jesus wou dit nie hê nie. Hy het reeds sy Vader gevra of dit moontlik is dat die Lydingsbeker by Hom verby kan gaan, en Hy kies dan om ten volle in God se wil te wees, en om die volheid van die pyn te verduur. Die tweede keer is dit suur wyn wat vir Hom spottend aangebied word. Die suur wyn het Hom wakker gehou in die pyn wat Hy verduur, maar dit het ook Sy lippe natgemaak om sodoende Sy laaste woorde te kon uiter.

Ons wil lewe op 'n manier om Jesus se versoeke raak te kan hoor. Ons wil ons beste vir God aanbied, en ook saam met Hom te werk om die pyn wat sigbaar is rondom ons, te verlig. Jesus is nie meer dors op die kruis nie, maar Hy wil nou ons aandag fokus op Sy kinders wat steeds ''dors'' is.

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met Jesus oor wat in jou roer wanneer jy die Skrifgedeeltes lees.*

*"Mother Teresa used the analogy of electricity: "The wire is you and me; the current is God," she said. "We have the power and choice to let the current pass through us, use us, and produce the light of the world—Jesus."* — Lee Strobel

**DINSDAG, 31 MAART**

**JESUS SE KRUISWOORDE**

# VERSEKER

*Om as waar te betuig; verklaar dat iets met sekerheid te wagte is*

## LUKAS 23:32-33 EN 23:39-43

*"32Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word. Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant."*

*"39Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!" Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie." Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."*

Waarvan voel jy seker? Ons lewe in ongelooflike onseker tye. Tegnologie en informasie is besig om vinniger te ontwikkel, as wat ons dit kan aanleer. Ons neem allerande versekering uit om ons ''veilig'' te hou teen 'n ''wat as''. Maar wat hou ons eintlik veilig? Wat kan regtig vir ons berusting bied? Jesus gebruik van Sy laaste oomblikke om die misdadiger langs Hom te verseker van sy redding. Hierdie persoon reik uit na Jesus in absolute desperaatheid, hy herken Jesus in sy eie sterwingsoomblik, en Jesus gee vir hom 'n versekering om mee rustig te sterf.

Jesus is die enigste een wat vir ons vaste versekering kan gee om mee te leef, en te sterf. Ons het Lydenstyd begin deur 'n refleksie op ons eie verganklikheid, en dan word ons oor en oor daaraan herinner deur die kruis. Jesus het geleef op 'n versekerde manier; Hy het geweet daar is sekere dinge wat niemand van Hom kan wegvat nie: Sy verhouding met die Vader, die manier wat Hy kies om op te tree, ens. Wat het jy, wat jy nie kan verloor nie?

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat verseker jou?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met Jesus oor wat in jou roer wanneer jy die Skrifgedeeltes lees.*

*Real security can only be found in that which can never be taken from you - your relationship with God. Rick Warren*

# VERLAAT

*Om 'n plek of 'n persoon agter te laat.*

**WOENSDAG, 1 APRIL**
**JESUS SE KRUISWOORDE**

## MATTEUS 27:45-49

*"Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. 46Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? 47Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: "Hy roep vir Elia." 48Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. 49Maar die ander sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red."*

Die kruis was 'n eensame opoffering. Jesus neem ons sonde op Hom en word die onskuldige Lam wat geslag word vir Paasfees. Wanneer Jesus dan die woorde "My God, my God, waarom het U my verlaat'' uiter, is dit nie net om uiting te gee aan hoe sonde skeiding bring nie, Hy haal ook Psalm 22 direk aan. Psalm 22 begin deur aan diep, pynvolle emosie uiting te gee, en eindig dan in die volgende woorde: " *31Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag. Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen*."

Jesus het dit gedoen. In Sy finale oomblikke ontken Hy nie Sy pyn en verlatendheid nie, maar Hy hou ook vas aan die Verlossing wat Sy gehoorsaamheid sal bring. Geen pyn is sinneloos in God se hande nie. Christus het letterlik in ons skoene geloop en verstaan pyn en eensaamheid. Dikwels wil ons mekaar troos deur dadelik na die ''vers 31'' van die lewe spring, na die einde van die Psalm wat meer hoopvol klink. Maar dit is nodig dat ons dat ons ook eerlike woorde vind wat ons ervarings van verlatendheid, pyn of eensaamheid beskryf – en dit vir ander ook te gun. Trevor Hudson verduidelik dit so: ''God se adres is realiteit''. Wanneer ons soos die Psalmskrywers ons ware emosie in gebed na God to bring, kan God dan self 'n paar ekstra verse saam met ons skryf.

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wanneer, of waar, voel jy eensaam?*

GEBEDSVOORSTEL: *Blaai deur die Psalms en bid dan gedeeltes hardop wat uitdrukking gee oor hoe jy self voel, of skryf jou eie Psalm*

*Lees verder: Psalm 22*

**DONDERDAG, 2 APRIL**
**JESUS KRUISWOORDE**

# VERBY

*Reeds geëindig; klaar; oor.*

## JOHANNES 19:30

*"Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas."*

Dit is nou verby. Die taak is voltooi. Dit is volbring. Jesus het gedoen waarvoor Hy gestuur is. Hy was getrou en gehoorsaam.

Wanneer iemand vir lank fisies ly, is daar 'n gevoel van verligting wanneer hul, hul laaste asem uitblaas. 'n Verligting dat die aardse pyn nou verby is. Ons het hierdie Lydenstyd die ''slow down'' knoppie gedruk en stadig deur die verhale gewerk wat opgeloop het tot die kruis. Dit is normaal as jy dalk 'n moegheid ervaar, 'n gevoel van verligting dat die einde in sig is. Ons kan die vreugde van 'n Opstandingslewe opnuut waardeer soos wat ons onsself verdiep het in Christus se opoffering. Ons is verlig. Die lyding is verby.

Wanneer ons as mense weet dat die moontlikheid om te sterf om die draai is, begin die lewe 'n ekstra intensiteit aanneem: ons begin weer wonder wat beteken dit om te lewe? Jesus kon uitroep: ''Dit is volbring'', maar wat sal dit moontlik maak vir jou en my om dieselfde te kan doen? Is daar dinge op jou hart wat onafgehandel is? Dalk is daar nog gawes/passies om te ontgin... Laat ons nie langer wag om waarlik te lewe nie. "*In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense." (Johannes 1:4)*

*VRAAG VIR DIE DAG*
*uit Mary Oliver se gedig*
*'The Summer Day':*

*Tell me, what is it you plan to do with your one wild and precious life?*

GEBEDSVOORSTEL: *Gesels met God oor die vraag vir die dag, of oor van die Kruiswoorde wat jou diep aangeraak het.*

*Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can. John Wesley*

# VERSOEN

*Tot vriendskap bring; vrede sluit..*

**PAASVRYDAG, 3 APRIL**
**JESUS SE KRUISWOORDE**

## LUKAS 23:44-46

*[44-46] Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; 45die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. 46Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas.*

Jesus blaas sy laaste asem uit en word weer met God die Vader en Heilige Gees versoen.

Nie net is daar versoening vir Jesus nie, Hy bring ook vir ons versoening met God. Daar is geen meer skeiding nie. Vandag is ons woorde min, Jesus het soveel verduur. Daarom gee ons vandag ekstra tyd aan die Skrif, om ons te bemoedig:

ROMEINE 5:6-11 *"Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. 10Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het"*

*VRAAG VIR DIE DAG:*

*Wat wil jy aan God oorgee / "surrender"?*

GEBEDSVOORSTEL: Sit in dankbare stilte saam met jou Redder God.

*"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het." Johannes 15:13-15*

**STIL SATERDAG, 4 APRIL**

# VERSLAE

*Wat hoogs ontsteld of teleurgesteld is.*

## LUKAS 23:47-49

*"Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: "Hierdie man was werklik onskuldig." Al die mense wat saamgedrom het om na die skouspel te kyk en gesien het wat daar gebeur het, het verslae huis toe gegaan. Maar al Jesus se vriende, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan. Hulle het al hierdie dinge gesien."*

Verslae – Die Messias sterf.

En al weet ons daar was 'n Opstanding, word vandag Stil Saterdag genoem, waar ons die gebeure van Paasvrydag inneem.

Dit is 'n dag in die graf.

In stilte.

Ons dink aan die skok, teleurstelling en verlies van die dissipels en vriende van Jesus.

Spandeer jou gebedstyd net in stilte saam met God.

*Do what needs to be done, and wait for God to act
in His own way, in His own time – Tom Wright*

# VERHEERLIK

**OPSTANDINGSSONDAG, 5 APRIL**

*Om iets of iemand te loof; in glorie verhef*

## *HY HET OPGESTAAN! HY HET WAARLIK OPGESTAAN!*

JOHANNES 13:31-35

*“Toe sê Jesus: “Nou word die Seun van die mens verheerlik, en God word deur Hom verheerlik. En aangesien God deur Hom verheerlik word, sal God self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom binnekort verheerlik. My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie. Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”*

Die kruis was nie die einde van die verhaal nie. Op die derde dag word die dood ook oorwin.

Dit is soms moeilik om die volle vreugde van die Opstanding dadelik aan te voel, maar vertrou dat die Gees dit in jou sal losmaak. Vreugde begin dikwels soos ‘n rustige briesie van dankbaarheid, en daarom spandeer ons die laaste Lydenstydgebedstyd vandag deur saam met God te reflekteer oor die geskenke van die afgelope paar weke:

*Lees saam met God deur jou notas van hierdie Lydenstyd, en reflekteer dan saam op die volgende paar vrae:*
- Watter van die gebedstye het jou in besonder geroer?
- Wat het God van Godself vir jou geopenbaar in hierdie Lydenstyd?
- Wat het God vir jou van jouself gewys in hierdie tyd?
- Op watter manier het God jou Lydenstydgebed verhoor (wat jy in die eerste week geskryf het)?
- Op watter manier is jou verhouding met God verdiep?
- Wat is die uitnodiging wat jy raakgehoor het tydens hierdie seisoen? Wat wil jy graag saam met jou neem vir die res van die jaar?

*“The Resurrection declares that Jesus has not stopped listening, speaking, and acting. He is alive and at large in our world, in the places where we live, love, and work—and we can join him there. The Jesus story continues in you and in me!” Trevor Hudson*

# RIGLYN VIR WEEKLIKSE GROEPSGESPREK

1. IN-CHECK: Begin jul tyd saam deur te vra hoe dit met elkeen gaan.
2. BID: Sing/of bid die Onse Vader saam.
3. SKRIF: Vra vir een/twee mense om van die Skrifgedeeltes wat vir hul uitgestaan het in die Daaglikse Materiaal, hardop in die groep te lees.
4. WOORDE: Gee vir elkeen 'n geleentheid om te deel watter een van die woorde van die week, hul op 'n besonderse manier geraak het. Gee vir elkeen 'n kans om te deel, sonder om hulle te onderbreek of 'n gesprek oop te maak. Luister net.
5. VRAE: Lees nou die volgende vrae, en laat elkeen kies watter vraag hul wil antwoord:
   Hoe het jy jou vas en ander Lydenstydsgewoontes beleef hierdie week? Watter van die ander teksverse, aanhalings of gebedstye was vir jou ook besonder kosbaar? Wat ervaar jy het God vir jou gewys hierdie week? Op watter manier het God jou Lydenstydgebed sover beantwoord?
6. GESPREK: Open 'n gesprek deur die volgende te vra: Wat is van die vrae wat in jou opgekom het hierdie week (of in die gesprek), waaroor jy graag ander se insigte/ervarings wil hoor.
7. UITNODIGING: Om die gesprek af te sluit, gee vir elkeen 'n geleentheid om op die volgende te reageer: Wat het vir jou uitgestaan in die gesprek, wat wil jy graag onthou? Of, wat ervaar jy is God se uitnodiging aan jou?
8. ONDERSTEUN: Vra of daar iemand is wat spesifieke ondersteuning benodig hierdie week, en of daar gebedsversoeke is.
9. AFSLUIT MET GEBED

Hierdie materiaal is geskryf deur Adri-Marie van Heerden.
Kontak haar gerus per epos: a3mvanheerden@gmail.com